# NASIENIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | EKONOMIE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 22 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord **VIER** vrae soos volg in die **ANTWOORDBOEK**:

   **AFDELING A**: **VERPLIGTEND**
   **AFDELING B**: Beantwoord **SLEGS TWEE** van die drie vrae.
   **AFDELING C**: Beantwoord **SLEGS EEN** van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry, sal **NIE** gemerk word nie.

3. Dui duidelik aan die begin van 'n vraag, die vraag-nommer van die gekose vraag aan, byvoorbeeld **VRAAG 2**.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Lees die vrae sorgvuldig en begin **ELKE** vraag op 'n **NUWE** bladsy.

6. Beantwoord die vrae in vol sinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar in **BLOU** ink.

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING A

**VRAAG 1: VERPLIGTEND** **30 PUNTE - 20 MINUTE**

**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 C✓✓ Geldmark
1.1.2 D✓✓ Phillips-kromme
1.1.3 A✓✓ Reserwe bates
1.1.4 A✓✓ geld
1.1.5 B✓✓ Morele oorreding
1.1.6 D✓✓ Uitgebreide Openbare Werke-program.
1.1.7 C✓✓ Strategiese geïntegreerde projekte
1.1.8 A✓✓ verbreding. (8x2) (16)

**1.2 PAS ITEMS**

1.2.1 B✓ Die totale vergoeding ontvang deur die produksiefaktore vir die vervaardiging van finale goedere en dienste binne die grense van 'n land.
1.2.2 J✓ Die afskaffing van staatsinmenging in internasionale handel.
1.2.3 G✓ Die regering verlaag belasting en verhoog staatsbesteding.
1.2.4 E ✓ Meet die afstand van die tendenslyn na die piek en die tendenslyn na die trog.
1.2.5 D✓ Die doel is om produksie in waardetoegevoegde sektore uit te brei met die fokus op metaalvervaardiging en groen en energiebesparende nywerhede.
1.2.6 K✓ 'n Landwye regeringsingryping om werk te skep deur arbeidsintensiewe metodes te gebruik.
1.2.7 A✓ Kommersiële banke betaal om geld by die Reserwebank te leen.
1.2.8 H✓ Die waarskynlike aantal jare wat 'n persoon na geboorte sal lewe. (8x1) (8)

**1.3 GEE EEN WOORD/TERM**
**(AFKORTINGS. AKRONIEME EN VOORBEELDE SAL NIE AANVAAR WORD NIE.)**

1.3.1 faktorkoste ✓betaling vir produksiefaktore ✓vergoeding van produksiefaktore✓
1.3.2 huur soek✓
1.3.3 spesiale trekkingsregte✓
1.3.4 demografie✓
1.3.5 veredeling✓
1.3.6 arbeidsproduktiwiteit✓ (6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING B

**Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK**

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE - 30 MINUTE**

**2.1 Antwoord die volgende vrae:**

2.1.1 **Lys enige TWEE lidlande van BRICS.**

- Brasilië ✓
- Rusland ✓
- China ✓
- Suid-Afrika ✓
- Indië ✓ (Enige 2x1) (2)

2.1.2 **Hoe bevoordeel 'n vryswewende wisselkoers die meeste lande?**
Dit laat die monetêre en fiskale owerhede vry om interne doelwitte na te streef en aanpassing werk dikwels as 'n outomatiese stabiliseerder om daardie doelwitte te bevorder. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1x2) (2)

**2.2 DATA RESPONS**

2.2.1 **Gee EEN voorbeeld van 'n lekkasie.**

- Besparings✓
- Belasting✓
- Invoer✓ (Enige 1x1) (1)

2.2.2 **Verskaf EEN faktor wat die grootte van die vermenigvuldiger beïnvloed.**

- ‘n Verandering in besteding (mps) ✓
- 'n Verandering in verbruik (mpk) ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) ✓ (Enige 1x1) (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term outonome verbruik.**
Die hoeveelheid besteding wat vas is en nie verander nie as gevolg van 'n verandering in inkomste. ✓✓ of
Die hoeveelheid besteding wat vas is, ongeag jou inkomste.
✓✓ (1x2) (2)

2.2.4 **Verduidelik die effek op nasionale inkomste wanneer inspuitings meer as lekkasies is.**

- Daar is 'n toename in die vraag na goedere en dienste wat lei tot 'n toename in die produksie, dus sal die nasionale inkomste ook toeneem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x2) (2)

2.2.5 **Bereken die effek op nasionale inkomste wanneer staatsbesteding met R250 miljoen toeneem en die mpk 0,7 is. (Wys alle berekeninge)**

Vermenigvuldiger

α =1/1 – mpc.
=1/1 – 0,7 ✓
= 1/0,3
= 3,33 ✓

**OR**

α = 1/mps
= 1/0,3 ✓
= 3,33 ✓

<u>Uitwerking op nasionale inkomste:</u>
= 3,33 x R250 m ✓
= R832,5 m ✓
NB: (Ken sleg een punt toe as net die antwoord gegee is) (4)

**2.3 DATA RESPONS**

2.3.1 **Noem EEN endogene oorsaak van sakesiklusse.**

- Veranderinge in beleggingsvlakke ✓
- Veranderinge in totale vraagvlakke ✓
- Veranderinge in totale aanbodvlakke ✓
- Tegnologiese veranderinge / innovasie ✓
- Monetêre beleid/maatreëls ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x1) (1)

2.3.2 **Verskaf EEN kenmerk van 'n ekonomie tydens 'n resessiefase.** (1)

- Sakevertroue neem af. ✓
- Besighede begin belê en produseer minder. ✓
- Minder mense sal in diens geneem word. ✓
- Huishoudings sal minder inkomste ontvang en sal minder bestee. ✓
- Die reële BBP neem af. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1x1) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term resessie.**

'n Resessie vind plaas wanneer daar 'n voortdurende afname in ekonomiese aktiwiteit is vir 'n tydperk van ses opeenvolgende maande (twee kwartale). ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1x2) (2)

2.3.4 **Wat doen die Suid-Afrikaanse Reserwebank om die ekonomie te stimuleer?**

- Uitbreidende monetêre en fiskale beleid moet geïmplementeer word. ✓✓
- Om vraag en ekonomiese aktiwiteite tydens 'n resessie te stimuleer, kan die Reserwebank rentekoerse verlaag. ✓✓
- Tydens 'n resessie kan 'n verlaging in belastingkoerse, besteebare inkomste verhoog en die vraag na goedere en dienste stimuleer. ✓✓
- Tydens 'n resessie kan die regering sy besteding verhoog om 'n stadige ekonomie te stimuleer. ✓✓
- Die vraag na krediet begin toeneem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1x2) (2)

2.3.5 **Hoe kan 'n toename in totale aanbod inflasie wat deur 'n oormaat vraag veroorsaak word, bekamp?** (4)

- Die koste van produksie word verminder, produsente kan meer goedere en dienste teen 'n laer prys lewer. ✓✓
- Aanbod word deur die regering beïnvloed deur die doeltreffendheid van insette in markte te verbeter, geen tekort sal bestaan nie, en prys sal stabiel wees. ✓✓
- Verskaf infrastruktuurdienste soos vervoer, kommunikasie en energieverbetering sal koste verlaag en pryse laer hou.✓✓
- Vermindering van administratiewe koste soos inspeksies en onnodige regulasies, sal koste verminder. ✓✓
- Doeltreffendheid van markte word verbeter, dit sal vraag en aanbod in ewewig bring en pryse stabiel hou.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2x2) (4)

**2.4 Bespreek kortliks die interaksies tussen huishoudings en besighede in 'n geslote ekonomie.**

**Huishoudings**

- Daar is 'n vloei van geld en goedere en dienste tussen die huishoudelike sektor en sakesektor. ✓✓
- Huishoudings is die eienaars van die produksiefaktore, en hulle plaas hul produksiefaktore op die mark sodat dit gekoop kan word. ✓✓
- Huishoudings verdien inkomste in die vorm van lone deur hul produksiefaktore aan besigheid te verkoop. ✓✓ (2x2)

**Besigheidsektor**

- Besighede gebruik die produksiefaktore om goedere en dienste te produseer waaraan die huishoudingsektor hul inkomste bestee. ✓✓

- Besighede plaas goedere en dienste op die produkmark, wat deur huishoudings gekoop word om hul behoeftes te bevredig. ✓✓
- Besigheid ontvang 'n inkomste. ✓✓ (2x2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2x4) (8)
('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)

**2.5 Evalueer die effek van 'n gebrek aan bestuursvaardighede op staatsentiteite.**

Die effek van 'n gebrek aan bestuursvaardighede op staatsentiteite is die volgende:

- Hierdie verlaging van die kwaliteit van dienste wat gelewer word, lei dus tot regeringsmislukking. ✓✓
- Daar is ondoeltreffende bestuur van staatshulpbronne. ✓✓
- Hulle versuim om dienste vinnig en in verlangde hoeveelhede te verskaf, wat sodoende ondoeltreffendheid veroorsaak. ✓✓
- Om hulle kwesbaar te maak vir verduistering en verlies aan wins. ✓✓
- Verlamming van hul algehele doeltreffendheid en sodoende afbreuk doen aan die bereiking van die makro-ekonomiese doelwitte van die staat. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord) (Enige 4x2) (8)
('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

**3.1 Antwoord die volgende vrae:**

3.1.1 **Lys enige TWEE sosiale aanwysers wat na onderwys verwys.**

- Besteding aan onderwys ✓
- Volwasse geletterdheid✓
- Inskrywing ✓
- Leerder tot onderwyser verhouding ✓
- Matrikulanteslaagsyfer ✓
- Vlak van onderwys ✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord) (Enige 2x1) (2)

3.1.2 **Hoe gebruik die Suid-Afrikaanse Reserwebank sy opemarktransaksies om krediet te beperk?**

- Die SARB verkoop sekuriteite om die vloei van geld te beperk. ✓✓
- Die banke word gedwing om hierdie sekuriteitsdokumente te koop, wat die banke met minder geld laat om uit te leen. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1x2) (2)

**3.2 DATA RESPONS**

3.2.1 **Gee EEN voorbeeld van 'n land van die NOORDE.**

- Kanada ✓
- Frankryk ✓
- Italië ✓
- Duitsland ✓
- Japan ✓
- Verenigde Koninkryk ✓
- Rusland ✓
- Verenigde State ✓
- Australië ✓
- Nieu-Seeland ✓

(Aanvaar enige ander relevante voorbeeld) (Enige 1x1) (1)

3.2.2 **Verskaf EEN eienskap vir die lande in die SUID.**

- Lae lewenstandaard ✓
- Gebrek aan voldoende infrastruktuur ✓
- Lae lewensverwagting ✓
- Gebrek aan onderwys ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x1) (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term globalisering.**

Die wêreldwye interaksie van ekonomieë met handel as 'n belangrike element. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

3.2.4 **Verduidelik 'n handelsuitdaging in terme van globalisering.**

Handel is 'n uitdaging van globalisering as:

- Ryk lande gaan voort om die produksie van hul landbougoedere te subsidieer, wat dit moeilik maak vir ontwikkelende lande om mee te ding. ✓✓
- Ontwikkelde/ryk lande wat daarop aandring dat ontwikkelende lande hul tariewe op vervaardigde goedere moet verwyder. ✓✓
- Die meeste van die wêreld se arm lande het baie min buitelandse handel en blameer globalisering daarvoor. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x2) (2)

3.2.5 **Watter uitwerking het lande in die NOORDE op die omgewing?**

Hulle dra by tot die vernietiging van die omgewing deur:

- Veroorsaak besoedeling deur massaproduksie van goedere en dienste. ✓✓
- Veroorsaak klimaatsverandering deur betrokke te wees by hoë vlakke van industriële aktiwiteite. ✓✓
- Uitputtende natuurlike hulpbronne as gevolg van oorindustrialisasie.✓✓
- Ontbossing as gevolg van oorindustrialisasie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2x2) (4)

## 3.3 DATA RESPONS

3.3.1 **Noem EEN hoofdoel van die Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk.**

- Om die industrialisasie te versterk✓
- Om streekhandel aan te moedig✓
- Om ekonomiese integrasie aan te moedig✓
- Om deelname aan die ekonomie te bevorder✓
- Om 'n meer arbeidsintensiewe industrie aan te moedig/ondersteun ✓
- Om diversifikasie van die ekonomie te fasiliteer ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1x1) (1)

3.3.2 **Verskaf EEN voordeel wat 'n land uit direkte buitelandse beleggings (FDI's) verkry.**

- Grootskaalse werkskepping vir huishoudelike mense. ✓
- Nuwe tegnologie/innovering word in 'n land verkry. ✓
- 'n Toename in die BBP van 'n land. ✓
- Die regering kan voordeel trek uit 'n breër belastingbasis. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1x1) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *de-industrialisering.***

Behels die proses van sosiale en ekonomiese verandering, wat veroorsaak word deur die verwydering of vermindering van nywerheidsaktiwiteite en indiensneming in 'n streek. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1x2) (2)

3.3.4 **Wat is die verhouding tussen die vervaardigingsektor en die primêre sektor?**

- Die primêre sektor verskaf die grondstof vir die vervaardigingsektor, soos metale vir die vervaardiging van motors. ✓✓
- Die vervaardigingsektor verskaf terugwaartse en vorentoe skakels met ander sektore en skep werksgeleenthede/ekonomiese groei in verskeie sektore. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1x2) (2)

3.3.5 **Skets die voordele van Spesiale Ekonomiese Sone (SEZ's) uit die nuwe Afrika Vrye Kontinentale Handelsooreenkoms (AFCTA).**

- Lei tot 'n toename in skaalvoordele en toegang tot goedkoper grondstowwe en intermediêre insette ✓✓
- Verbeterde toestande vir streeks-waardekettingprodukte en integrasie in globale waardekettings ✓✓
- 'n Groter aandeel in die benutting van tegnologie soos digitale kommunikasiedienste, navorsing en innovasie, ens. ✓✓
- Uitgebreide inter-Afrikaanse handelsgeleenthede, gekoppel aan werkskepping ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2x2) (4)

**3.4 Bespreek kortliks die metodes wat deur die Wêreldbank en die Verenigde Nasies gebruik word om die aanwysers van lidlande te standaardiseer.**

**WÊRELD BANK**

- Die Wêreldbank-groep van instellings verskaf definisies vir 'n reeks ekonomiese en sosiale aanwysers. ✓✓
- In vennootskap met die Internasionale Organisasie vir Standaardisering (ISO), verskaf die Wêreldbank standaarde wat wêreldklas spesifikasies vir produkte, dienste en stelsels gee. ✓✓ (2x2)

**VERENIGDE NASIES**

- Ontwikkel die bekendste handleiding van ekonomiese aanwysers, die Stelsel van Nasionale Rekeninge (SNA). ✓✓
- Dit fokus op produksie, inkomste en uitgawes en hoe om dubbeltelling te vermy. ✓✓
- Dit stel data saam in die SARB Kwartaallikse Bulletin in terme van die SNA-spesifikasies. ✓✓ (2x2) (2x2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4x2) (8)

('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)

**3.5 Evalueer die sukses van die Suid-Afrika se Nuwe Groeipad om ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling te beïnvloed.**

<u>Die NGP was suksesvol om groei en ontwikkeling te beïnvloed deur:</u>

- die skep van werksgeleenthede deur fisiese en sosiale infrastruktuur uitbreiding in gebiede soos energie, vervoer, kommunikasie, water en behuising. ✓✓
- die skep van werk in die landbouwaardeketting deur die hoë koste van kunsmis en ander insette aan te spreek en deur die bevordering, verwerking en uitvoerbemarking. ✓✓
- die skep van werksgeleenthede in die mynbouwaardeketting deur mineraalontginning te verhoog, infrastruktuur en vaardigheidsontwikkeling te verbeter en die veredeling van die finale vervaardiging van verbruikers en kapitaalgoedere te ondersteun. ✓✓
- die verbetering van 'n groen ekonomie deur die uitbreiding van infrastruktuur en tegnologie in sonenergie, windenergie en biobrandstof. ✓✓
- verbetering van vervaardigingsektore, vaardigheidsontwikkeling, navorsing en belegging. ✓✓
- uitbreiding van toerisme en sekere hoëvlakdienste. ✓✓

Die NGP was nie suksesvol om groei en ontwikkeling te beïnvloed nie omdat:

- hoë werkloosheidsyfers bestaan steeds in alle sektore van die ekonomie weens 'n gebrek aan ekonomiese groei. ✓✓
- die groeivlakke wat in alle sektore van die ekonomie afneem. ✓✓

- groot besoedeling vind plaas en daar is 'n ondoeltreffende toewysing van hulpbronne. ✓✓
- daar is 'n hoë tekort aan energie (beurtkrag) en lae vlakke van watervoorsiening word ervaar. ✓✓
- ongelyke verdeling van inkomste en rykdom vererger in SA. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 4x2) (8)
('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

**4.1 Antwoord die volgende vrae:**

4.1.1 **Noem enige TWEE tipes ondoeltreffendhede in openbare sektor voorsiening.**

- Burokrasie ✓
- Onbevoegdheid ✓
- Korrupsie ✓
- Apatie ✓
- Bestuursmislukking ✓ (Enige 2x1) (2)

4.1.2 **Hoe ondersteun tegnologie kleinsake-ontwikkeling?**

- Behels finansiële ondersteuning om innoverende, produksiebevorderende tegnologie vir groei in die tweede ekonomie te bekom. ✓✓
- Befondsing word beskikbaar gestel om die informele sektor te ondersteun met ongeskoolde tot halfgeskoolde menslike hulpbronne, beperkte verkoopsomset, beperkte bates, ens. ✓✓
- Tegnologie is meer koste-effektief op die lang termyn en sal help om die klein besighede se koste te verminder en dit meer mededingend in die ekonomie te maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1x1) (1)

**4.2 DATA RESPONS**

4.2.1 **Gee EEN voorbeeld van hernubare energie.**

- Sonkrag ✓
- Wind ✓
- Gety ✓
- Biomassa ✓
- Biobrandstof ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 1x1) (1)

4.2.2 **Verskaf EEN ander staatsonderneming wat nie in die uittreksel hierbo genoem word nie.**

- Sentrale Poskantoor ✓
- Telkom ✓
- ACSA / SAA ✓
- Transnet ✓
- Denel ✓
- SAFCOL ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 1x1) (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *nasionalisering.***

Dit is wanneer die regering eienaarskap en beheer neem van 'n bestaande onderneming in die vrye mark. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (1x2) (2)

4.2.4 **Verduidelik die voordele van privatisering van ondernemings in staatsbesit (SOE's).**

- Dit genereer bykomende fondse deur inkomste wat uit belasting gegenereer word.
- Dit sal die belastingbasis verbreed deur totale bates, beleggings en inkomste strome wat aan belasting onderhewig is. ✓✓
- Dit sal groter doeltreffendheid in die ekonomie skep, omdat die winsgedrewe bedrywe meer effektief is. ✓✓
- Bevorder meer buitelandse investering in die SA en die invloei van kapitaal. ✓✓
- Verlig druk op die begroting om tekorte te verlig. ✓✓ (Enige 1x2) (2)

4.2.5 **Hoe kan Eskom meer effektief funksioneer om die verbruiker te bevoordeel?**

Eskom kan meer effektief funksioneer deur:

- om verbruikers toe te laat om betalings direk aan Eskom as die verskaffer te maak - sny die middelman uit. ✓✓
- produseer teen laer koste, bv. goedkoper verskaffers. ✓✓
- doeltreffende bestuur en beheer toe te pas - geen korrupsie en nepotisme nie. ✓✓
- die diens van gekwalifiseerde en bekwame werkers op alle vlakke van die besigheid. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.) (Enige 2x2) (4)

## 4.3 DATA RESPONS

4.3.1 **Noem die sosiale aanwyser wat deur die spotprent uitgebeeld word.**

Sosiaal/Gesondheid. ✓ (1)

4.3.2 **Verskaf EEN ander departement wat aan dienslewering in Suid-Afrika gekoppel is.**

- Departement van Veiligheid ✓
- Departement van Onderwys ✓
- Departement van Justisie ✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Enige 1x1) (1)

© SACAI KOPIEREG

**4.3.3 Beskryf kortliks die term *sosiale aanwyser.***

- Sosiale aanwysers monitor identifiseerbare en definieerbare kwessies wat verband hou met menslike welstand oor 'n tydperk. ✓✓
- Sosiale aanwysers is 'n maatstaf wat deur ekonome en regerings gebruik word om die prestasie van die ekonomie met betrekking tot die sosiale welstand van die inwoners te evalueer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**4.3.4 Watter impak het verstedeliking op die voorsiening van behuising in stedelike gebiede?**

- Provinsiale regerings is nie in staat om behuising te verskaf aan al die mense wat na stede migreer nie. ✓✓
- Toename in die aantal informele nedersettings. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**4.3.5 Hoe kan dienslewering deur die regering mense se lewenstandaard verhoog?**

- Dra by tot die voorsiening van lopende water aan alle burgers. ✓✓
- Vervanging van puttoilette met spoeltoilette. ✓✓
- Help alle burgers om toegang tot elektrisiteitstoevoer te hê. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2x2) (4)

**4.4 Bespreek kortliks *rentekoerse* en *invoer substitusie* as maatstawwe wat gebruik word om die betalingsbalanswanbalanse reg te stel.** (2x4) (8)

**Rentekoerse**

- Rentekoerse kan verhoog word om besteding aan invoer te verminder. ✓✓
- Buitelanders kan aan die ander kant voordeel trek deur hul belegging in die land met die hoër rentekoers te verhoog. ✓✓ (2x2)

**Invoer substitusie**

- Invoerbeheer kan strenger wees deur verhoging van doeaneregte. ✓✓
- Plaaslike produsente kan gemotiveer word om meer plaaslik te produseer met behulp van subsidies. ✓✓
- Goedere wat ingevoer is, kan plaaslik geproduseer word. ✓✓ (2x2)

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)
('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde) (2x4) (8)

**4.5 Evalueer die rol van die regering om sleutelstrategiese nywerhede teen buitelandse nywerheidsoornames te beskerm.**

- Nywerheidsontwikkeling sal verseker word as jong nywerhede beskerm word totdat dit behoorlik gevestig is
- Kinderbedrywe moet in hul vroeë jare beskerming kry, hulle kan groei en voordeel trek uit skaalvoordele, laer gemiddelde koste en mededingend word
- Verhoogde indiensneming in plaaslike nywerhede as gevolg van proteksionisme sal tot minder werkloosheid lei
- Ekonomieë van selfvoorsiening en strategiese sleutelbedrywe is viraal om selfonderhoudend te wees – beskerming word veral aan sleutelbedrywe verleen
- Voorkom storting om te verseker dat finansieel swakker bedrywe nie uit mededinging gedwing word nie
- Beskerming van natuurlike hulpbronne – beskerming verseker dat nywerhede oorleef. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Enige 4x2) (8)
('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING C

Beantwoord enige **EEN** van die twee vrae in die **ANTWOORDBOEK**.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ‘n laerorde-antwoord.<br>• ‘n Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep, wat met die vraagonderwerp verband hou te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag by jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam (Inhoud)**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/ Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik.<br><br>**Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Trek 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Bereken /Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle.<br><br>**Punte toekenning**<br>**‘n Maksimum van ses punte sal toegeken word vir lys en voorbeelde.**<br>Punte in vol sinne sal twee punte toegeken word.<br>Opskrifte en sub-opskrifte sal een punte elk toegeken. | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat alreeds genoem is, te herhaal.<br>• Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang.<br>• Aanbevelings. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die aanbodkantbeleide wat gebruik word om die sakesiklusse glad te maak.** (26)

- **Hoe kan eksogene redes die sakesiklus laat fluktueer?** (10)

**INLEIDING**
Die nuwe manier van dink oor die ekonomie raai af om korttermyngeld en regeringsbeleide te gebruik om sakesiklusse uit te stryk. In plaas daarvan stel dit voor om stabiliteit te bereik deur wyse, langtermynbesluite wat verband hou met vraag en aanbod, wat kan help om ekonomiese afswaai te versag. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (Max 2)

**LIGGAAM: HOOFDEEL**
**Aanbodkantbeleide**

**Vermindering van koste ✓**
- Infrastruktuurdienste: Redelike heffings en doeltreffende vervoer, kommunikasie, waterdienste en energievoorsiening ✓✓
- Administratiewe koste: Hierdie kostes sluit in inspeksie, verslae oor toepassings van verskeie wette, regulasies en verordeninge, belastingopgawes en opgawes wat statistiese inligting verskaf. ✓✓
- Bogenoemde administratiewe koste dra by tot koste en besighede dra 'n swaar las. ✓✓
- Kontantaansporings: Sluit subsidies in vir besighede om hulle in verwaarloosde gebiede te vestig waar werkloosheid hoog is en vergoeding aan uitvoerders vir sekere koste wat hulle aangaan in die ontwikkeling van uitvoermarkte. ✓✓

**Verbetering van die doeltreffendheid van insette ✓**
- Belastingkoerse: Lae belastingkoerse kan as 'n aansporing vir werkers dien. Dit sal die produktiwiteit en uitset verbeter. ✓✓
- Kapitaalverbruik: Die vervanging van kapitaalgoedere skep gereeld geleenthede vir besighede om tred te hou met tegnologiese ontwikkeling en beter uitsette. ✓✓
- Menslike hulpbronontwikkeling: Om die kwaliteit van mannekrag te verbeter deur gesondheidsorg, onderwys en opleiding te verbeter ✓✓
- Gratis advieROIens: Dit bevorder geleenthede om uit te voer✓✓

**Verbetering van die doeltreffendheid van markte ✓**

- Deregulering: Die verwydering van wette, regulasies en verordeninge en ander vorme van regeringskontroles maak die mark vry. ✓✓
- Mededinging: Moedig die vestiging van nuwe besighede aan ✓✓
- Maak die speelveld gelyk: Private besighede kan nie met openbare ondernemings meeding nie. ✓✓
- Die verhoging van die limiet van kortverkope sal markdoeltreffendheid verbeter. ✓✓
- 'n Afname in die inligtingskoste sal ook markdoeltreffendheid verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (max 26)
('n Maksimum van 8 punte sal toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde.)

**ADDISIONELE GEDEELTE**
**Hoe kan eksogene redes die sakesiklus laat skommel?**

- Eksogene veranderlikes is onafhanklike faktore wat buite die ekonomie ontstaan wat fluktuasies in die mark veroorsaak. ✓✓
- Sakesiklusveranderinge word veroorsaak deur onvanpaste of verkeerde regeringsbeleid/-ingryping, byvoorbeeld die regering moet nie in die mark ingryp nie. ✓✓
- Strukturele veranderinge in die ekonomie impliseer dat daar 'n verandering is in die grootte van die bydrae van die drie sektore tot die BBP. ✓✓
- Toevallige skokke soos hierdie beïnvloed die vertroue van die besighede en huishoudings.✓✓
- Veranderinge in weerstoestande soos droogtes, vloede veroorsaak veranderinge in landbou en toerisme.✓✓
- Verbeterde tegnologie lei tot meer produksie en ekonomiese aktiwiteite in die land. ✓✓
- Weerstoestande en markskokke veroorsaak opswaai en afswaai byvoorbeeld droogtes wat lei tot minder insette en ekonomieë produkte wat 'n afswaai in die ekonomie kan veroorsaak. ✓✓
- Markskokke kan lei tot 'n afname in direkte buitelandse beleggings of bankmislukkings wat kan lei tot 'n afswaai in die ekonomie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (max 10)

**GEVOLGTREKKING**
Die bestuur van die totale vraag en aanbod om stabiliteit in die ekonomie te verseker, is uiters belangrik. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (max 2)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die Suid-Afrika se inisiatiewe in streeksontwikkeling.** (26)

- **Hoe kan die ontwikkeling van klein besighede die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel?** (10)

**INLEIDING**

Streeksontwikkeling verwys na beleide wat daarop gemik is om die ekonomiese bestaan van spesifieke gebiede of streke te verhoog. ✓✓ (max 2)

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

Spesiale ekonomiese sones (SES's) ✓

- Dit is geografiese gebiede van 'n land wat vir spesifiek geteikende ekonomiese aktiwiteite opsy gesit is. ✓✓
- Hierdie aktiwiteite word ondersteun deur spesiale reëling wat wette en ondersteuningstelsels kan insluit wat nywerheidsontwikkeling bevorder. ✓✓
- Hulle is bedoel om die vervaardigingsektor uit te brei. ✓✓
- Skep bykomende industriële spilpunte sodat die nasionale nywerheidsbasis streeks gediversifiseer sal wees. ✓✓
- Hierdie gebiede kan aansporings geniet soos belastingverligting en ondersteuningstelsels om nywerheidsontwikkeling te bevorder.✓✓
- Daar is planne om belasting tot 15% te verlaag as 'n aansporing om nuwe nywerhede te lok ✓✓
    - Die doel van die skep van SES is om nywerhede te lok
    - slegs nuwe besigheid✓
    - besigheid wat 'n nuwe produklyn ontwikkel✓
    - besigheid wat hul volume uitbrei ✓
- Die DTI het aangedui dat die bestaande NOS'e waar spesiale belastingaansporings nie van toepassing is nie, in SEZ'e gegradueer sal word✓✓

**Korridors ✓**

- Korridors in Suid-Afrika is ruimtelike gebiede wat spesifieke voordele aan mynbou, vervaardiging en ander besighede bied ✓✓
- Die voordele sluit ook die teenwoordigheid van bestaande infrastruktuur en die spesialisering van produkte of dienste in ✓✓
- Hierdie korridors is ontwikkelingsgebiede binne Suid-Afrika en is die ontwikkelingsprioriteite van alle ontwikkelingsagentskappe ✓✓
- Die DHN verskaf hulp ter ondersteuning van die ontwikkelingskorridors ✓✓

- Die Maputo-korridor, wat in Gauteng begin en deur Mpumalanga tot by die Maputo-hawe strek, bied geleentheid aan die vervoerbedryf of die Phalaborwa-subkorridor in die Limpopo-provinsie bied geleenthede vir mynbou en verwante aktiwiteite✓✓

**Ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe (ROI's) ✓**

- Dit is 'n gebied met hoë vlakke van werkloosheid en armoede wat deur die regering geïdentifiseer is vir 'n gekoördineerde poging om die ekonomiese potensiaal van die gebied te ontwikkel ✓✓
- Die area wat vir 'n ROI gekies word, moet onderontwikkel wees en die potensiaal vir volhoubare groei hê ✓✓
- Die ontwikkeling fokus op hoëvlak-ondersteuning in gebiede waar sosio-ekonomiese toestande gekonsentreerde staatshulp benodig ✓✓
- Hierdie inisiatiewe help om ekonomiese aktiwiteite gelykop in die land te versprei ✓✓
- Alle beleggings is gebaseer op publiek-private vennootskappe ✓✓
- ROI's is 'n regeringstrategie van belegging wat die departement van handel en nywerheid (DTI) en vervoer (DOT) betrek ✓✓
- ROI's fokus op regeringsaandag oor nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke om te verseker dat beleggings vinnig geskied ✓✓ en dat die maksimum sinergie tussen die verskillende tipes beleggings ✓✓
- Daar word verwag dat hierdie projekte tot ver in die toekoms nuwe werksgeleenthede sal skep ✓✓
- Die sukses van hierdie projekte berus op 'n sterk beweging na internasionale mededingendheid, streeksamewerking en 'n meer gediversifiseerde eienaarskap

**Nywerheidsontwikkelingsones ✓**

- NOS's is 'n doelgeboude nywerheidslandgoed, fisies toegemaak en gekoppel aan 'n internasionale hawe of lughawe met belastingvrye aansporings ✓✓
- NOS's is ontwerp om internasionale mededingendheid in SA se vervaardigingsektor aan te moedig ✓✓
- NOS's val buite binnelandse doeanesones en kan dus items vry van doeane- en handelsbeperkings invoer, waarde toevoeg en dan hul goedere uitvoer ✓✓
- NOS's is ontwerp om nuwe beleggings in uitvoergedrewe nywerhede te lok. ✓✓
- NOS se aanmoedigende uitvoer, ekonomiese groei en indiensneming✓✓
- NOS'e is die verantwoordelikheid van provinsiale en plaaslike regering ✓✓
- Besighede ontwikkel rondom die IDZ'e (bankwese, personeel, versekering, ouditering, IT, kommunikasie, verblyf, spyseniering, inkopies, vervoer) ✓✓
- NOS'e versterk en stimuleer ekonomieë in hul onmiddellike omgewings ✓✓
- Elke NOS bied direkte skakels na 'n internasionale hawe of lughawe, wêreldklas-infrastruktuur, 'n nulkoers BTW op lewerings van Suid-Afrikaanse

© SACAI KOPIEREG

bronne, regeringsaansporingskemas, verlaagde belasting vir sommige produkte, toegang tot nuutste inligting ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (max 26)

('n Maksimum van 8 punte sal toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde.)

**ADDISIONELE DELE**

**Hoe kan die ontwikkeling van klein besighede die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel?**

Klein besighede kan die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel deur:

- Voorsiening van leiding om werk te skep vir strukturele werklose mense wat kan lei tot 'n meer inklusiewe ekonomie ✓✓
- Bevordering van entrepreneuriese ontwikkeling onder vroue en die jeug in landelike gebiede waar werkloosheid baie hoog is ✓✓
- Help met die diversifikasie van die ekonomie deur die opheffing van 'n verskeidenheid vaardighede te bevorder ✓✓
- Die verskaffing van meer geteikende ondersteuning aan klein besighede, om hulle te help om te groei en 'n positiewe impak op die SA ekonomie te hê✓✓
- Kleinsakeondernemings sal ook 'n kleinskaalse werkgewer wees, en 'n verskaffer van sekere goedere of/en dienste, en sodoende bydra tot die BBP✓✓
- Versterking van mededinging wat die nodigste is om die verbruiker te bevoordeel, prysgewys✓✓
- Herstelplan na Covid-19 en algemene afname in ekonomiese aktiverings in die wêreld. ✓✓
- Suid-Afrika het entrepreneurskap aangemoedig, veral in die vervaardigingsbedrywe, want dit lei tot meer indiensneming en werksgeleenthede. ✓✓
- 'n Toename in produksie kan uitvoer bevorder. ✓✓
- Die ekonomie moet daarop fokus om invoervervanging te motiveer om minder afhanklik te raak van die buitelandse sektor. ✓✓ (max 10)

**GEVOLGTREKKING**

Streeksontwikkeling is nodig sodat die land vorentoe kan beweeg en die regering het die ontwikkeling in Suider-Afrika tot voordeel van Suid-Afrika ondersteun✓✓ (max 2)

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOT TOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG